Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

# Borgward Nuus / News

Mei / May 2024

## VOORWOORD:

Die Upington saamtrek was ‘n gesellige en onvergeetlike byeenkoms. Die reis daarheen was, met ompaaie, vir sommige ‘n behoorlike besigtigingstoer en belewenis. Lees alles oor die wedervaringe en die naweek se verrigtinge in hierdie uitgawe. ‘n Spesiale dank aan ons fotograaf, Martin Kruger wat al die pragtige fotos geneem het.

Tydens die gesamentlike vergadering is baie aandag gegee aan terugvoering oor huidige projekte vir die vervaardiging van onderdele. Dit sluit in rubbers, verkoelertenke, waterpype, remvloeistof potjies, ens. maar die beste nuus van die dag was dat die Noorde iemand gevind het wat vensterrame kan maak met ‘n hout afwerking (vir Coupe). Natuurlik moet die verskaffer voorbeelde hê en dit is nie geredelik beskikbaar nie. Ettienne Geel koördineer al die projekte en hy kan gekontak word vir enige navrae.

Ons uitstappies is normaalweg op Sondae en ons hou by die beleid. Met die opstel van ons jaarprogram het ek in ‘n paar gevalle die kalender verkeerd gelees en Saterdag se datum bygevoeg in plaas van die Sondag. Neem maar net kennis daarvan. Die regte dag en datum sal deur Dolf per whats - app deurgegee word voor elke geleentheid.

Die toekoms van ons klub is werklik ‘n bekommernis en ons kan nie net terugsit en hoop dit sal op eie stoom voortleef nie, want ons is besig om uit stoom te raak. Ondersteun asseblief Kees se versoek in sy berig vir voorstelle sodat ons ‘n toekomsvisie kan formuleer en implementeer.

Borgward groete,

Louis

**INDEKS/INDEX:**

| | |
|---|---|
| *Voorwoord & Concours* | *1* |
| *Borgward saamtrek* | *2 - 4* |
| *So het ons gery* | *5 & 6* |
| *Borgward Klub: Quo Vadis?* | *7* |
| *Meelewing* | *7* |
| *Mooi, tot die mag 5!* | *8* |
| *Ons kyk terug!* | *9* |
| *Ons groet vir Hans Heese* | *10* |
| *Om oor na te dink* | *10* |
| *Enige kleur—solank swart* | *10* |
| *Antwoorde op die vrae* | *10* |

## CONCOURS TERUGVOERING:

Die afgelope Concours beoordeling het ‘n paar swak plekke in ons beoordelingsvorm na vore gebring wat ek met Pieter Botha bespreek het. Dit gaan hoofsaaklik oor twee aspekte nl.

1. Dat elke onderafdeling uit 30 punte tel en dat daar geen onderskeid is in die gewig wat elkeen dra nie, bv. verfwerk en die beskikbaarheid van die domkrag tel albei 30 punte. Die puntetellings gaan beslis aangepas word in die verband.
2. Die eienaarshandleiding met sakkie en die gereedskapsakkie tel ook 30 punte en is deel van die totale punt vir die kajuit. Die items het eintlik niks te doen met die status van die voertuig self nie en moet uitgehaal word en onder die lyn as bonuspunte tel. Die motor word dus nie gepenaliseer as dit nie daar is nie. Die motors wat dit het verdien wel bonuspunte maar nie meer as 10 punte per item nie.

Pieter sal die voorstelle bespreek met die Noorde se komitee en terugvoering gee vir implementering.

So met elke geleentheid word ons stelsel getoets en verfyn en ek dink na dese sal ons baie naby aan die kol wees om ons motors in die toekoms regverdig te beoordeel.

Louis

## BORGWARD NASIONALE SAAMTREK 2024

Na baie Google besoeke en navorsing, en baie telefoon oproepe en ‘n persoonlike besoek aan Riva Resort, het ons besluit om die saamtrek daar te hou. Baie naby aan Upington in die Noord Kaap.

Aanvanklik het ons die hele oord vir die Borgwardlede bespreek, want daar was goeie belangstelling. Soos die tyd aangestap het, moes heelparty lede ongelukkig hul besprekings kanselleer as gevolg van ongesteldhede, totdat daar net 11 lede met hul eggenote en kinders die saamtrek bygewoon het. Altesaam was ons 28 siele.

Ons het 19 Maart reeds vertrek. Louis in die Borgward bakkie en ek met alles wat moes saamgaan in ons Pathfinder agterna. Weens die werk aan die Vanrhynspas, waar daar soms baie lang wagtye is en die feit dat ons rosyntjies, dadels en granate op Kakamas moes optel, het ons die 1ste aand op Springbok geslaap. Die volgende oggend het ons na Kakamas vertrek. So 55 km voor Kakamas het Louis skielik gestop. Daar was ‘n erge geraas onder die bakkie by sy onderstel. Louis besluit om nie verder te ry nie. Gelukkig met familie op Kakamas is insleepdienste gereël om ons te kom haal. So los ons die bakkie op Kakamas en nadat ons al die geskenke opgelaai het, is ons vort na Riva toe.

Ons het ingeboek en alles afgelaai. Toe is ons gou Upington toe. Daar by ‘n skoolmaat van my koffie gedrink en vir ons kos gaan koop vir die aand en volgende dag se middagete asook vleis vir die afskopbraai.

Toe ons opstaan die volgende oggend, staan daar ‘n vlakvark voor ons huisie met sy kop wat op die tweede trappie na bo rus. Dit het gelyk asof hy staan en slaap. Hy is ‘n permanente inwoner van die oord. Dit is baie landelik. Skape wat blêr, meerkatjies wat daar rondhardloop en ‘n Alpakka net oorkant die draad, was ‘n algemene gesig.

Na ontbyt het ons al die geskenksakke gereed gekry. Daarin was ‘n pakkie beskuit, ‘n botteltjie appelkoos konfyt, 500g rosyntjies en 2 bottels kajuit sproei, wat deur JP Spares geskenk is. Ook die program vir die naweek se bedrywighede. Lede het ook elkeen ‘n gereedskapkissie gekry wat deur Japie Jnr en Willie geskenk is. Dit alles plus ‘n gedenkplaatjie waarop Riva Resort, Upington, Maart 2024 en die lid se naam verskyn, het ons by ontvangs gaan afgee. Soos die lede aangekom het, kon hulle dit daar in ontvangs neem.

Japie Jnr en Willie het heel eerste aangekom. Gou-gou was almal daar en het die kuier en gesels begin. Soos die gaste aangekom het, het ons vir elke persoon ‘n granaat gegee. Net Pierre en Maria en Martin en Salome wat ons eintlik eerste verwag het, het nie uitgekom nie. [Lees Salome se skrywe iewers in hierdie nuusbrief]

Die aand was die gesamentlike braai. Die braaiplek, roosters, hout, alles was daar gereed vir ons. Met die aankoms by die restaurant is ons verras met ‘n pragtige groot gedekte tafel waarby ons almal kon aansit. Voor die mans begin braai het, het Louis eers almal welkom geheet en deurgegee wat almal moes weet. Willem Kok se dogter Marina, wie ook ‘n predikant is, het toe die naweek se verrigtinge vir ons met Skriflesing en Gebed geopen. Intussen het ons met Pierre en Maria, wat verdwaal het, kontak gemaak. Louis kon hulle per telefoon reghelp en begelei tot by ons. Teen daardie tyd was dit al donker en baie moeilk vir hulle om hul weg te vind. Dit was so lekker om hulle na hul dag se wedervaringe welkom te heet.

Joey, ons gasvrou by die restaurant, was regtig baie hulpvaardig. Sy was gedurig tussen ons en het haar bes gedoen om alles vir ons so aangenaam as moontlik te maak. As bykosse by die vleis het ons roosterkoek met lekker vye konfyt en kaas gekry. Ook ‘n groente stokkie en nog slaai.

Ons was omtrent klaar geeët toe kom hardloop Joey uit die kombuis en sê een van haar kinders het gebel om te sê daar staan een van ons lede langs die pad met sy motor. Voor iemand kon reageer is sy daar weg in haar motortjie om hulp te gaan aanbied. ‘n Ruk later keer sy terug saam met Martin en Salome. Martin se motor het uit petrol gehardloop. Iemand het gaan petrol koop, maar toe wou die Borgward nie start nie. Intussen het daar nog mense stilgehou wie Joey ken. Hul het eers die motor probeer stoot, maar het dit later op sleeptou geneem totdat hy gestart het. Dit is die soort gasvrou wat ons gehad het.

Vrydagoggend was die gebruiklike vergadering van die Suid en Noord klubs tesame.

Die dames het ‘n damestee gehad. Joey het vir ons met pragtige teekoppies en teepotte by ‘n kleiner tafel gedek. Daar was heerlike wortelkoek en koeksisters om aan te smul. Na aanleiding van die granate wat ons die vorige dag uitgedeel het, het Thea, Paul van Wyk se vrou, vir ons ‘n pragtige stuk voorgelees oor granate. Maria het ook vir ons die belangrikheid van ons hande uiteengesit en wat ons alles met ons hande kan doen. Daarmee saam het sy my bedank met ‘n klein geskenkie vir my bydrae tot die saamtrek.

Die middag het ons ‘n uitstappie na die Augrabies Waterval onderneem. Net drie Borgwards het saamgery. Die ander lede het almal met privaat voertuie gery. Eers is ons by die gewilde Pienk padstal op Kakamas aan wat lui: Pienk, Pikante, Prettige, Pittige, Propvol, Padstal.



Die besoek aan die Waterval was nogal teleurstellend. Met die laaste vloed is baie van die veiligheidsheinings beskadig en van die wandelpaaie is toegemaak. Nog geen poging is aangewend om dit te herstel nie. Ons kon dus net tot by die eerste uitkykpunt gaan en kon nie eers die regte Waterval sien nie. Dit was lekker warm en ons het almal ‘n “float” in die restaurant daar geniet. Daar binne was dit heerlik koel. Dankie aan Paul van Wyk wat vir ons almal se drankies betaal het.

Louis het ‘n sleepwa gehuur en ons het toe ons bakkie saamgeneem vir die volgende dag se skou.



Die aand was ons ete in die restaurant, hoender snitsel met kaassous en chips. Ons het iemand gehad wat vir ons kom musiek maak het. Hy kon nogal pragtig sing. Pieter en Elize Botha het vir ons laat kopkrap met die vasvraspeletjies wat hul vir ons laat speel het, en as jy nie jou bril daar gehad het nie, soos ons byvoorbeeld, was dit eers erg. Maria het almal geleer om die lyndans te doen. Net gou het die DJ ingeval met lekker musiek en het die vloer gekreun soos die paartjies die dansvloer warm dans. Beurtkrag vanaf 22hoo het egter ons aand kom kortknip.

Saterdagoggend was die groot geleentheid. Al die motors is blink gepoets en uitgestal vir die beoordeling. Pierre en Ettienne het die beoordeling gedoen. Willem Kok het ook gehelp met Pierre en Ettienne se motors. Die uitstalling het ‘n goeie verskeidenheid van modelle ingesluit met ‘n Goliath stasiewa van Grant Henton, Japie en Willie se Lloyd en Willem Kok het ook ‘n Lloyd gebring. Dan was daar die Bakkie, Pierre se pas gerestoureerde Hansa 1100, Ettienne Geel, Martin Kruger en Koos Kruger se Sedans asook Willem Kok en Paul van Wyk se Coupes. Die toestand van die motors was merkwaardig en elkeen het gekwalifiseer vir ‘n sertifikaat. Ons het ook baie komplimente gekry van die Kalahari Oumotor klub se lede. So terloops, Grant en sy dogter het die Goliath gery uit Pretoria en na die saamtrek

















verder getoer na Elandsbaai, teen die Weskus, en terug Pretoria toe sonder enige moeilikheid. Merkwaardig!

Net na tienuur die oggend het die lede van die Kalahari Ou Motorklub begin opdaag. Motors van alle fabrikate en ouderdomme het opgedaag. Toe het die kuier eers begin. Watter klomp aangename mense. Oom Trompie (ver oor die 80 merk) het sy konsertina en trekklavier saamgebring en saam met Willem se skoonseun Waldo, op kitaar, musiek gemaak. Ons ete van die



middag was ‘n piekniek en Joey het die restaurant vir almal oopgestel. Jy kon jou eie ete daar kom geniet of hamburgers by haar kombuis bestel. Natuurlik was die kroeg omtrent heel naweek oop om lafenis teen die hitte te bied. Moet sê dit was Saterdag nie warm na die donderbui van Vrydagaand nie. Die mense van die Kalahari Oumotorklub het vir elke Borgwardlid ‘n bottel soet Muskadel gegee. Ook is daar foto’s van almal saam geneem. Party gaste het nog tot laat middag gekuier terwyl Louis en Ettienne al die punte wat die motors verdien het, gekontroleer en die sertifikate gereed gekry het vir die aand se prysuitdeling.





Joey het weereens net haar beste vir ons gegee. ‘n Pragtige gedekte tafel en heerlike kos.

Willem Kok het die tafelgebed gedoen en toe kon ons die heerlike gerolde skaaprIb, hoenderpastei, rys, gebakte aartappels, groenboontjies in ‘n repie spek gebraai en mengelslaai geniet. Malva poeding met vla het die heerlike ete afgesluit .



Ons het dieselfde DJ vir die aand gehad wat ons met sy musiek en sang vermaak het. Die dansvloer is ook weer deeglik gebruik tussen alles deur.

Die pryse is toe uitgedeel. Al die motors wat daar was het ‘n sertifikaat gekry. Van brons tot die platinum prys wat Japie Jnr en Willie se Lloyd Alexander TS gekry het. Al die dames wat die oggend daar was (insluitend die dames van die Kalahari Oumotor klub) moes hul keuse vir die motor uitbring wat hul die meeste van hou. Weer het Japie Jnr en Willie se Lloyd met die prys (‘n gratis dop vir twee) weggestap.



Pieter Botha het ook afgekondig dat erelidmaatskap van die Noordelike Streek aan ons, Louis en Rina, en Pierre en Maria toegeken is. Hy het ook namens die Noordelike streek, die Suidelike streek bedank vir al die werk ingesit om die naweek so ‘n sukses te maak.



Net voor beurtkrag weer tienuur sou begin het Willem Kok vir ons die naweek afgesluit met Bybel lees, ‘n kort boodskap en gebed.Daarna moes ons skarrel om in ons huisies te kom. Die donderweer het besluit om nat te gooi en die ligte sou enige oomblik uitgaan.Wat ‘n ongelooflike lekker naweek en saamtrek.

Rina.

Ps: Die bakkie se probleem is toe al die tyd net iets wat in die dryfas tonnel beland het! Louis sukkel nou om dit uit te kry.



**Borgward Saamtrek -Upington 2024- sò het ons gery!**

Woensdag 27 Maart vertrek manlief en ek (Martin en Salome Kruger) om 15h00 uit Somerset Wes in Isabella om die saamtrek in Upington by te woon.

Dit is warm! Ons is gewapen met bottels water, sproeibottels en selfs n sproeibottel met 'n battery-aangedrewe waaiertjie, asook lappies wat as dit nat is en jy skud dit, yskoud word! Als om die hitte mee te trotseer, aangesien Isabella se verkoeling oop vensters is!

Manlief was besig by die werk en ons ry 'n uur later as beplan. Dit vat lank om deur Stellenbosch te kom met die druk verkeer . Isabella het 'n snaakse hik- en -snik en ek sien manlief lyk effe ongemaklik.

Pierre en Maria kry ons in Calvinia waar ons oorslaap om die volgende dag saam verder te ry. Maria laat weet hulle het die middag in die bloedige hitte ongeveer twee uur stilgestaan by die Vanrhynspas waar padwerke is en twee vragmotors in mekaar vas is.Met 'n hik hier en 'n snik daar kom ons so na 7 by die pas aan. Ons staan nie te lank stil by die "Stop and Go" nie… seker so 20-30 min.

Driekwart op teen die pas staan die verkeer skielik botstil! Pappie wil nie Isabella afskakel nie….bang sy verseg om verder te loop!. Die ou dame raak al hoe warmer en ons staan… ek klim uit en stap op om uit te vind wat fout is. Sal 'n vragmotor nie staan en breek direk langs die twee wat vroeër in mekaar vas is nie. Slegte nuus ….hulle voorsien nie dat hierdie tameletjie vinnig opgelos sal word nie. Pappie is genoodsaak om Isabella af te skakel en te hoop vir die beste. Daar staan sy soos 'n baba skilpadjie tussen 'die reusagtige vragmotors. Gelukkig is daar 'n ou Isuzu bakkie met 'n vriendelike kleurling man, Matteus Prins, met wie pappie gesels en hulle besluit om sommer byvoorbaat Isabella teen die pas uit te trek as die hekke oopgaan. Ongeveer twee ure later, met 'n wonderwerk het die paspersoneel 'n opening bewerkstellig vir karre om deur te glip en verder te gaan. Toe die Isuzu met Isabella die opening nader, skree die padpersoneel dat ons mooi moet mik om nie nog 'n ramp te veroorsaak nie.

Ek bid oop oë en met die genade is ons deur. Veilig deur die skerp haarnaald draaie kry pappie Isabella aan die gang en groet ons Mnr Prins.

Ons kom kwart oor elf die nag in Calvinia en in ons Bloudak gastehuis wag ons heerlike skaapafval . Eskom se ligte is 12h00 uit en die gasvrou maak gou ons kos warm terwyl ons afpak.




Ons het heerlik geslaap, maar pappie het besluit hy gaan nie verder met 'n gehik-en -gesnik ry nie. Ons eet saam met Maria-hulle by Hantamhuis ontbyt en die manne gesels. 'n Vriend van Pierre kom groet en soos dit gaan is daar gou 'n netwerk van manne wat gekontak word om die hik-en -snik aan te spreek .Van kondensors en wat nog wat elders verkry moet word. Ons val in die pad.



By 'n bord wat sê "This is not the Brandvlei turn off, keep going" stop pappie en sê hierdie hik -en -snik werk op sy senuwees en ons gaan terugdraai….Pierre sê hy dink ons moet eers 'n plan maak en haal 'n part af van sy Borgward en sit dit vir Isabella in. Sy loop definitief beter.

Iewers het ons met die geskarrel die Brandvlei afrit gemis en is ons oppad Carnarvon toe….as ons terugkyk was die reuse ompad 'n bedekte seën. Een km. voor Britstown kom die regter agterwiel se velling af. Ons poer-poer tot in Britstown. Ruil die band en sien die velling het petrolmeter se kabel afgeslaan. Ons kan verder ry…gooi petrol,koop nog water en daar gaan ons.





Mammie is voltyds besig om haar en pappie te lawe. Dis sproeibottels. lappies wat nat en koudgewaai word …als om ons net af te koel in die versengende hitte. Ongeveer 55 km voor Prieska kom die velling van die spaarband ook af.

Pappie kyk en sien ons kan verder aankruie.

Hy sê Pierre - hulle moet ry , ons sal so aansukkel en kyk of ons 'n bandeplek kry in Prieska. So kruip ons teen 10 myl per uur nader aan Prieska met ander karre wat teen verbysterende spoed verby ons snel.

Mammie probeer google om ‘n bandeplek te kry in Prieska maar daar is byna geen sein op hierdie pad. Pappie sien ‘n nommer op ‘n Road Maintanance bord en kom met die blink gedagte om die nommer te bel. ‘n Vriendelike jongman antwoord, en sê hy sal iemand skakel om ons met ‘n”lowbed” te kom haal. Ons kruie tot in Prieska nadat ons die insleepdiens gekanselleer het.Poit S bande sit vir ons 4 nuwe bande op….dit is sowaar oom Louis se sussie en hulle span, wat ons help.

Pappie besluit ons druk deur en ons werk die petrol mooi uit. Ongeveer ’n kilometer voor Riva Resort….hier staan ons….geen petrol. Mias en sy vroutjie stop….gaan haal petrol en gooi in. Joey van Riva het gehoor van die ou kar wat staan langs die pad en sy was deel van ons 3 vroue wat Isabella gestoot het om haar aan die loop te kry . Mias trek op die ou end Isabella en half tien is ons veilig en gedaan in Upington!



Die heerlike kuier en wonderlike nuwe vriende het die geswoeg en gesweet die moeite werd gemaak!

Sondagoggend het ons 5 uur in die pad geval en sonder enige verdere voorval deur-gery tot in Somerset Wes. Groot genade!!!

Lesse geleer:

- Beter om saam met iemand te ry, as alleen.
- Skakel die nommer op die Road maintenance bord as jy nood het.
- Ou bande se rubber word hard al is hulle loopvlak nog goed….en dit en versengende hitte werk nie goed saam.
- Pak genoeg water en ‘n eetdingetjie.
- Ek sal ‘n padkaartboek inpak….ek en google maps is nie goeie maats nie!

Pappie het besluit….Isabella sal nou kerk toe en terug ry….van die langpad is hy vireers genees!

Borgward groete

Martin en Salome Kruger

## Hou diè datum oop!!

Sondag 2 Junie is nie sommer ‘n gewone dag nie! Op daardie dag is ons almal 63 jaar oud! Kom weer? Hoe maak jy daardie somme? Dis maklik! Ons is mos almal klublede, m.a.w. ons is die klub, en die klub is 63 jaar oud! Dit is iets besonders, en kan nie ongesiens verbygaan nie. Ons wil dit by die klubhuis vier en wil graag so veel moontlik van ons lede daar hê, verkieslik met hul Borgwards – as dit reën, sal plastiek ook aanvaar word. **Omdat dit so iets besonders is, gaan daar ‘n groot verrassing wees! Julle gaan daardie dag iets sien wat julle nog nooit gesien het nie – en heel moontlik ook nooit weer sal sien nie!!** Kom ons maak van hierdie geleentheid iets spesiaal!

Kees Beekman

N.S. Opkomende datums om te onthou:

19 Mei – Kuier by Jaco Bruwer by Robertson.

20 Julie – Sop aand by Robert en Mary.

8 September – Orgideë skou in Darling.

## Top 25 motors in Suid - Afrika

In die bylae tot Die Volksblad, Die Burger en Beeld van Maandag 25 November 1996 is die Borgward Isabella gelys as een van die 25 top motors in Suid-Afrika. Onder ‘n foto van die Coupè word hy as volg beskryf: Die Isabella was een van die opspraakwekkendste motors van sy tyd, met bogemiddelde ruimte, gerief, werkverrigting en brandstofekonomie teen ‘n bekostigbare prys. Dit is net jammer dat die Borgward maatskappy chronies aan ‘n kapitaaltekort gely het en die Isabella nie ‘n breër afset geniet het nie.

Kees Beekman

## Borgward Klub:  Quo Vadis? (Waar gaan jy heen?)

‘n Klub is ‘n organisasie waaraan mense met dieselfde belangstelling behoort, met ‘n nie-kommersiële doel.  Die Borgward klub voldoen in alle opsigte aan hierdie omskrywing, en ons is dankbaar en trots om hierdie jaar ons 63 ste verjaardag te vier.  ‘n Eenvoudige afleiding wat ons hieruit kan maak is dat die stigterslede òf almal al op gevorderde leeftyd is,  òf baie ons al ontval het.  Dieselfde geld vir die meeste lede wat later by die klub aangesluit het.  Die meelewingsberig in die nuusbriewe wat al hoe langer word, vertel dieselfde verhaal.  Dit kom dus daarop neer dat die eerste geslag lede uitdun, en die groot vraag is wie gaan oorneem?

Sommige motorklubs, soos die Mercedes Benz klub, het nie hierdie probleem nie. Hulle is baie groot, en hulle  het ‘n “voedingsbron” – as jy vandag ‘n nuwe Benz koop, kan jy môre lid word van die klub.  Nuwe Borgwards bestaan nie.  Van die ander motorklubs worstel met dieselfde probleem.

Met die eerste 3 vergaderings van die jaar was die opkoms maar skraal – te min vir ‘n kworum.  Die afskopgeleentheid vir die jaar (Pizza – aand) was redelik bygewoon, maar die uitstappie na Riebeek Kasteel op 10 Maart is afgestel weens gebrek aan belangstelling.  Die lae opkoms by die vergaderings het noodwendig daartoe gelei dat ons gepraat het oor die pad vorentoe, en dat ‘n “andersdenkende” benadering onvermydelik kan word.  Ons sou so ‘n mening en voorstelle van elke lid wou hê om in die volgende nuusbrief te plaas sodat ons  dit op ‘n volgende vergadering kan bespreek.  Stuur asb. jou voorstel per whats-app na my sel no. 082 579 0527.

Kees Beekman

## Meelewing

Nadat Evert Veenstra op 2 Feb. in die hospitaal opgeneem is met ‘n Klebsiella infeksie (Feb. nuusbrief) is hy ‘n paar weke later weer opgeneem vir bykans 10 dae.  Hy het baie pyn in sy een been en moet ‘n rugoperasie kry omdat dit ‘n verwysde pyn is, maar hy moet eers sterker word.

Thys Botha, ‘n gewese lid en voorsitter van die Noordelike klub en tans woonagtig in Riebeek-Wes se Bejaardesentrum, het in die laaste week van April ‘n knievervanging gehad.  Met ons besoek by hom einde April in die Blaauwberg Netcare hospitaal, het dit goed gegaan met hom, en sou hy na ‘n “stepdown” oorgeplaas word om verder aan te sterk.  Toe ek hom op 3 Mei bel, is hy al weer tuis in Riebeek-Wes, sonder pyn.  Ons is dankbaar!

Falko Nowack het nog steeds las van die shin splint in sy bene, wat sy beweging belemmer en verhinder dat hy aan klub aktiwiteite kan deelneem.  Ons wens hom spoedige beterskap toe, en krag en geduld in hierdie  moeilike tyd.

Deon van Zyl het in Februarie ‘n knievervanging gehad.  Na aanvanklike ongemak, gaan dit al beter, en ons hoop hy loop eersdaags die aarde plat sonder pyn.

Robert Schepel is onder behandeling vir ‘n groeisel in sy oog en daarom is Mary nog steeds sy chauffeur en staan die Borgward stil.  Ons vertrou hy sien alles binnekort weer glashelder!

Piet Kotze is einde April weer aan sy rug  geopereer om 2 ekstra skroewe in te sit.  Dit hou verband met ‘n vorige operasie tydens die Covid pandemie.  Sterkte met die verpligte tyd van rustig wees Piet, en mag die operasie die einde wees van jou rugprobleme.

Ons het in Feb. se nuusbrief berig dat Laurie Claassen geval het en, hoewel hy gelukkig niks gebreek het nie, hy wel pyn ervaar het.  Gelukkig gaan dit nou weer beter.  Sedertdien het Helmine ook 2 keer geval en baie seer gekry, maar gelukkig ook niks gebreek nie.  Dit gaan met haar ook al weer beter, waarvoor ons baie dankbaar is.  Ons bedoel dit opreg as ons sê hulle moet van nou af mooi loop.

Kees Beekman

## Mooi, tot die mag 5!

Wat kry jy as jy mooi weer, mooi karre, mooi paaie, mooi natuur en mooi mense alles op een dag mag geniet? Dàn kry jy 'n perfekte dag! En sò 'n dag was 21 April! Vir 3 dae het ons die weer angstig dop-gehou – gaan dit reën, gaan die wind sterk waai? Moet ons dit uitstel? Die dag breek aan – dis koud, effens mistig en 'n effense motreëntjie. En nou? Dis te laat om te kanselleer. Ons kry mekaar half tien by die klubhuis, lig almal in hoe dit gaan werk, en weg is ons – met die N1 Kaapstad toe, en toe see langs Kampsbaai toe, altyd mooi om te ry. Halfpad tussen Kampsbaai en die 12 Apostels Hotel is ons eerste stop – by die koffiekarretjie Street Cafè, net langs die see. Jy hoor, sien en ruik die see hier by jou, en as jy omkyk, sien jy gewoonlik die 12 Apostels in al sy glorie, maar nou is hulle almal weg – tòè onder die mis!







Ons het amper 'n uur daar vertoef, lekker gekuier met 'n stomende koppie koffie en iets vir die soet tand. Intussen het die mis begin wegtrek en het vàn die 12 Apostels begin verskyn – geheimsinnig mooi! Die weer het al mooier geword en baie se windbreakers het bagasie geword. Na 'n fotosessie het ons vertrek, en na 'n toiletstop in Houtbaai, het ons een van die mooiste passe aangepak, Chapman's Peak Drive, "Affectionately known as Chappies, named after John Chapman ,the captain's mate of an English ship the Consent" Die pas is 9 km. lang en het 114 draaie. Die pas is op 6 Mei 1922 geo-pen.





'n Paar kilometer anderkant die pas is daar 'n mooi, baie gewilde sen-trum, bekend as The Farm Village, in Noordhoek. Daar is 'n klompie restaurante, 'n lekker Deli, interessante winkeltjies, en die plek is hond-vriendelik. Nadat ons almal op ons eie die plek verken het, het ons mekaar etenstyd by een van die restaurante ontmoet waar 'n lang tafel vir ons bespreek was. Ons het weer lekker gekuier terwyl ons die innerlike versterk het en die dors geles het. Die ete is afgerond met 'n baie lekker roomys van die roomys winkel. Daarna is almal op sy eie tyd en met sy eie roete huiswaarts, en het 'n baie genoeglike dag tot 'n einde gekom.






**Ons het mos gesê die plek is honde-vriendelik**

Kees Beekman

**Ons kyk terug!**

1. Uit die memorabilia van Grieta Fick van Swellendam blyk dit dat daar in die vroeë negentigerjare een gesamentlike nuusbrief vir die Noordelike en Suidelike streke was. Kyk na die interessante voorblad (Buiteblad) van die nuusbrief!




Wat ook opvallend is, is die feit dat baie van die berigte tweetalig was. Hier is 4 vrae oor die buiteblad van Die Nuusbrief. Kyk op die laaste bladsy van hierdie nuusbrief vir die antwoorde.

- Hoeveel Borgwards is daar op die voorblad?
- Wat val op by al die Borgwards?
- Wat ontbreek by een van die Borgwards?
- Wat is anders by die heel voorste Borgward?

2. Op die eerste bladsy is al die besonderhede van die 2 streke se bestuurslede. Van ons klub was Graham Davies die Voorsitter, Falko Nowack die Sekretaris, Hans Langhoff die Organiseerder, Louis van Jaarsveld die redakteur, Danie du Toit die Tegniese lid en Maria de Jongh die Tesourier. Ons is bevoorreg dat die meeste van hulle nog met ons is! Die Noordelike streek se Voorsitter was toe Thys Botha, 'n groot gees in Borgward geledere. Hy woon nou in die Bejaardesentrum in Riebeek-Wes. Ons het nog gereeld kontak met hom en vat elke Nuusbrief vir hom. Hy geniet dit baie om dit te lees.

3. Lede word in die Maart 1993 nuusbrief herinner dat die ledegeld van R50 teen einde April betaalbaar is. Ai, die aaklige inflasie! 'n Vinnige oefening, met 'n baie konserwatiewe aanname dat die gemiddelde inflasiekoers oor die 31 jaar 6 % was, het gewys dat die ledegeld nou R304 moes wees!

4. In die "Borgward Nuus van die Noorde" van Junie 1993 was daar die volgende versoek:

Falko Nowack en Robert Schepel in Kaapstad wil 'n Isabella "Street-Rod" bou, dus soek hulle 'n Coupè bak – nie 'n goeie, restoureerbare (duur) bak nie, net een wat sleg en goedkoop is!

Nou wil ons graag by Falko en Robert weet wat was die reaksie, en hoe is die gedagte verwesenlik. Die volgende nuusbrief word beplan vir Augustus, en sal julle nie "assegrootblief" 'n berig vir ons voor einde Julie stuur nie? As julle nie skrywers is nie, is ek seker Elaine en Mary sal die skryfwerk doen as julle dikteer. 'n Paar fotos sal 'n aanwins wees!
Byvoorbaat dank.

Kees Beekman

## Ons groet Hans Friedrich Heese



In ons vorige 2 nuusbriewe het ons berigte gehad onder die opskrif "Borgwards is my lewe." Dit was uittreksels uit 'n artikel deur Hans Heese in die bylae van Rapport van 19 Junie 2011. Hy het ook verlede jaar heelwat memorabilia aan die klub geskenk. Dr. Hans Heese is op Maandag 18 Maart 2024 oorlede nadat hy 'n aneurisme gehad het.

In 'n huldeblyk in Die Burger word o.a. die volgende oor hom gesê:
Hy het die gawe van die joernalis gehad: Om 'n droë onderwerp op 'n interessante wyse oor te dra sonder om jou met 'n voerband van feite te stop.
Sy belangstelling was Borgwards, Auto Unions en Peugeots. Elkeen se komvandaan-storie en interessanthede oor hul geskiedenis in Europa.
Die Afrikaanse motorjoernalistiek is 'n ryk, kundige kollega armer. 'n Storieverteller soos min. En iemand wat sy onderwerpveld deeglik geken het.
In die begrafniskennisgewing in Die Burger, onder 'n foto van hom, word hy as volg beskryf:
"Akademikus/motor (Borgward) fanatikus/jintelman/avonturier/mensch." En dan eindig dit met die mooi woorde: "Die Here is my Herder, mèèr wil ek nie hê nie."
Ons is jammer om so 'n groot kampvegter vir Borgward te verloor, en wil al sy dierbares verseker van ons opregte meegevoel en simpatie met sy heengaan. Mag die mooi herinneringe aan hom vertroosting en berusting bring. Ons hoop om in die volgende nuusbriewe nog berigte te publiseer uit sy ryke skat memorabilia wat hy vir ons geskenk het.

Kees Beekman

## Om oor na te dink



1. Regte wenners is die verloorders wat nooit opgee nie.
2. Vergeet die fout, onthou die les.
3. Om maklik oor iets te dink is moeiliker as wat jy dink.
4. Wyse mense probeer om iemand se gedrag te begryp in plaas van dit te veroordeel.
5. "Money talks", myne sê altyd totsiens.
6. Tevrede wees is 'n groot geluk, tevrede bly is 'n meesterstuk.
7. Baie mense met 'n goeie gewete het 'n slegte geheue.
8. Waar geen wrywing is nie, is daar geen warmte.
9. Jy kan ook groot wees in die klein dingetjies.
10. Die mooiste van herinneringe is om hulle te maak.

Kees Beekman

## Enige kleur – solank dit swart is

Dit is die bekende woorde wat Henry Ford sou gesê het van die Model T Ford. Die eerste model T's met die geelkoperverkoelers was in verskillende kleure beskikbaar: Grys, rooi, donkergroen, donkerblou en swart. Omdat swart Japanlak makliker in 'n oond droog bak, het hy van omstreeks 1916 besluit dat die motors ter wille van massavervaardiging net in een kleur – swart – beskikbaar moet wees. Dit was ook die tyd toe die verkoeler swart geword het.

Kees Beekman

## Antwoorde op die vrae

1. Daar is 20 Borgwards op die buiteblad.
2. Al die Borgwards is linkerhand sture.
3. Die een Borgward se linker voorwiel ontbreek.
4. Die voorste Borgward is kleiner as al die ander.

Kees Beekman

**Nuusbrief Redaksie:**

**Kees Beekman (082 579 0527) – beekman@cosmoprop.co.za**
**John McEwan (082 882 0599) – jnmcewa@gmail.com**
**Louis v Jaarsveld (083 687 8486 – Lvjaarsveld@mweb.co.za**